
**ORRELUITVOERING NG KERK GROOTBRAK:** Op 5 en 6 Oktober 2017 sal die wêreldbekende orrelis van Graaff-Reinet (voorheen Calitzdorp), Noël-Jean Creille, twee middaguur-orreluitvoerings in die kerkgebou hou. Dit begin om 13:00 en soos die afgelope drie jaar sal die programme van die twee dae verskillend wees. Met die oog op die herdenking van Luther wat 500 honderd jaar gelede sy 95 stellinge teen die deur van die kerkgebou te Wittenberg vasgespyker het, sal daar musiek uit die 15de en 16de eeu wees, veral improvisasies en verwerkings van Luther se lied: Eine Feste Burg Ist Unser Gott.
Vader Noël-Jean gaan ook een van sy nuwe komposisies speel - dit sal die eerste uitvoering daarvan wees.
Kaartjies teen R40 sal by die deure beskikbaar wees. Vader Creille lei ook 'n sangdiens : *"Met Woord, Lied en Orrel"* op Sondag, 8 Oktober DV om 10:00 in die kerkgebou.
Kontak Tillie Botma by 044-620 2205 vir meer inligting.

**GEBED:** Jerigo Mure organiseer jaarliks 7 weke van gebed en daag dorpe en stede uit om 7 dae te neem as hul week. Mosselbaai se week is 9-15 Oktober. Elke (NG-) gemeente neem 'n dag waarin ons probeer om 24 uur van gebed te vul. Mosselbaai-Suid se dag is Vrydag, 13 Oktober. Wil u nie een van ons gemeente se (minstens) 48 mense wees wat vir 30 minute sal bid nie?
Begin om middernag op Vrydag en kies vir u 'n 30 minute gleuf. Laat weet asb vir ds André of die kantoor watter tyd u gaan bid. Riglyne sal voorsien word.
Ons probeer ook om so veel as moontlik ander kerke te betrek.

**KERSFEESVREUGDE VIR MINDERBEVOORREGTE KINDERS:** Die organisasie Santa Shoebox poog om teen 2019 vir 1 miljoen minder- bevoorregte kinders 'n skoenboks vol items as 'n kersgeskenk te gee. In 2016 is reeds 655 000 skoenboksgeskenke uitgedeel. Die getalle van mense wat deelneem aan die projek groei jaarliks.
Onthou asb alle items moet nuut wees, moet ouderdomsgepas wees en alles moet binne 'n skoenboks pas! Die voornaam en ouderdom van die kind sal aan belangstellendes gegee word, en dit sal aan minderbevoorregte kinders in die Mosselbaai area geskenk word. Die skoenbokse moet die volgende bevat:
Tandepasta, koekie seep, waslap, klere item, iets opvoedkundigs, lekkergoed, 'n speelding.
DIe skoenboks moet netjies toegedraai word in geskenkpapier. Organisasies kon registreer vir hulp aan kinders wat dit regtig nodig het, en die gesinne is deur vrywilligers besoek en die nood is geverifieër. Die kinders wat baat vind se voorname en ouderdom word aan persone gegee wat aan die projek wil deelneem, sodat geskenke by ouderdom van kinders kan pas.
Vas vir 'n tyd, of spaar vir 'n maand of twee, so 'n kersgeskenk kos ongeveer R320 per skoenboks. Kom neem deel en maak 'n kinderhart bly!
Gee u naam en verkieslik 'n selfoonnr aan die kerkkantoor deur en ons sal verdere inligting per sms of whatsapp deurgee.





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 24 September 2017**

*"Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep. Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra, Hy hoor as hulle om hulp roep, en Hy red hulle". (Psalm 145:18-19)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Stranddienste.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen — langnaweek.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds G. Malherbe) en op Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Matrixpedisie (skoolverlaterskamp).

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen — skoolvakansie.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag geen agv langnaweek.
Dinsdag 09:30 in die kerk.
Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.
Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie in die saal (gat) en Dinsdag om 19:00 Tienie Bothastr en Boekleesgroep soos onderling gereël.

**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.
**Woensdag:** Geen Santos Haven Biduur a.g.v. Lentetee.
**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).
**Vrydag:** Skole sluit.

## 70-PLUSSERS LENTETEE

Alle lidmate 70 en ouer word hartlik uitgenooi na 'n nostalgiese tee met baie liefde. Woensdag, **27 September 2017** om **15:00** in die **kerksaal**. Ons het getalle nodig vir voorbereidings—skakel dus die kerkkantoor om te sê dat u gaan bywoon.



## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Bediening aan die Jode was R2396-90.

**KOSKAS:** SEPTEMBER-maand is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**TE KOOP:** Pekanneute in dop (R100/kg of R50/500g) is by die kerkkantoor te koop.

**LIEDBOEKE:** Ons vra dat lidmate wat liedboeke het, wat hulle nie meer gebruik nie, dit asseblief vir Vleesbaai se saal sal skenk. Handig dit asb in by die kerkkantoor. Dankie.

**VERLOF:** Ds Robert is met verlof vanaf 22/9-15/10 en ds André vanaf 28/9-8/10. Indien hulle lidmate 'n dominee benodig, skakel gerus vir ds Danie (0847014386).

### VROUE OGGEND

**NG MOSSELBAAI-SUID KERKSAAL**

**14 Oktober 2017**


**om 09:30**

**Toegang: R50**

**Tema: Vier die lewe!**

Kom lag en geniet die oggend met mooi musiek, opvoering en tuinwenke. Daar sal ook gelukkige prystrekkings wees, asook stokperdjie uitstallings. Heerlike tee en verversings sal bedien word.

Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor en lede.



**GESOEK:** Enige iemand met handgemaakte items, wat sal belangstel om dit tydens die Vroue oggend, 14 Oktober, uit te stal, is welkom om Marie te skakel by 072 1422 313 vir meer inligting.

**KERKKANTOOR GESLUIT OP 25 SEPTEMBER— VAKANSIEDAG**

### BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*



## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir September—Sendelinge***

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Sendelinge wat namens ons almal grense oorsteek en gemaksones verlaat om die Blye boodskap uit te dra.
* Reformasie 500: om VREUGDEVOL VRY te leef en die seën van die reeks.
* Die feit dat ons GERED is, maar daarby saam ook GEROEP en GESTUUR is.
* Die Gideons wat oop deure en geleenthede het om Bybels te plaas in gastehuise, spreekkamers en hospitale. Bid vir plekke waar deure nog toe is.

**Hierdie week se VOORBIDDING:**

* Stranddienste en die samestelling van die span wat DV in Desember op Vleesbaai sal wees.
* Versoening, vergifnis, herstel van verhoudinge, respek vir mekaar se erfenis.
* Frans Boning en die vertoning van die Jesus film in Mosambiek.
* Neels en Esmé Meyer en hul uitreike na randfigure in George.
* Rampe wêreldwyd (aarbewings, orkane, modderstortings) - slagoffers.
* Finansies, gesondheid, gesinsverhoudinge van sendelinge.
* Amos projek - die evangelie op plase. Bid vir landbou in SA, grondkwessies, veiligheid, ens.
* Matrieks in die laaste pylvak van hulle skoolloopbaan.
* Die belydenisklas wat die afgelope naweek saam met ds Robert gekamp het.
* Genoeg reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Japie Barnard Hofmeyrstr, Chris Snyman Hofmeyrstr, Koos Smalberger Hofmeyrstr, Pieter Kempen Boggomsbaai, Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst, Madeleine van Eeden Vleesbaai, Johlene Muller plaas Patrysfontein

